**Inleidingsartikel:**

# Onbetaalbare Skuld

Dr. A. D. Pont, die Nederduits Hervormde Kerk se professor in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, se geldelike skuld is, wat sy eie vermoë betref, onbetaalbaar. Hy is deur die hof beveel om aan twee „mede-teoloë" wat deur hom belaster is, 'n skadevergoeding van tienduisend rand elk te betaal, benewens hulle regskoste wat agt-en-dertig duisend rand beloop.

Dit blyk egter dat prof. Pont, hoewel hy waarskynlik tog bewus was daarvan wat dit 'n mens kan kos as jy 'n eerbare medemens se goeie naam beswadder, en hoewel hy geweet het wat elke uur *en minuut met so 'n saak in die hof in geldelike* terme werd is toe hy sy uitgerekte redevoerings in die getuiebank gehou het, feitlik niks het om te betaal nie. Die geldelike skuld wat hy hom op die hals gehaal het, sal òf deur iemand anders vir hom betaal moet word òf dit sal hom kwytgeskeld moet word.

Prof. Pont staan daarin betreklik alleen en die meeste mense kan, wat betref hierdie skuld waarin hy homself gedompel het, op 'n afstand van hom staan en òf meewarig òf met verontwaardiging en verbasing òf met veragting òf — en selfs dit blyk inderdaad so te wees! — met bewondering oordeel oor die geskiedenis wat hy hierdie keer self „gemaak" het.

Maar prof. Pont se eintlike skuld in verband met hierdie saak kan nie in terme van geld bereken word nie. Die feit dat hy sy skuld in terme van rande nie kan betaal nie, is soos iets simbolies van die onbetaalbaarheid van die skuld waarin hy teenoor twee medemense verkeer vir wat hy in werklikheid van hulle geroof het. En hierin staan nòg hy nòg die twee mede-teoloë teenoor wie hy skuldig staan, as partye alléén. Want dié twee mede-teoloë is in sy lasterkampanje uitgesonder as verteenwoordigers van 'n bepaalde denkrigting wat die koers aangee waarin die Kerk van Christus tans in die wêreld beweeg. Ons kan dit goedskiks aandui as die koers waarin die kerk in die besef van sy ekumeniese roeping op weg is en waarin hy beweeg in 'n toenemende bewuswording van sy solidariteit met die wêreld ook in sy politieke, sosiale en ekonomiese nood. Uit daardie wye verband van die Kerk van Christus soos hy tans meen om in die uitvoering van sy roeping in die wêreld te staan, het prof. Pont twee mede-teoloë uitgehaal om hulle, onder die klaarblyklike byval van goedkeurende aanmoedigers, met ongeëwenaarde lasterslae te striem.

Prof. Pont het daarin waarlik nie man-alleen gestaan in 'n heroïese stryd met hulle wat hy vir hom as vyande opgestel het nie. Veeleer was hy die „enfant terrible" van 'n ietwat meer subtiele dog ewe berekende en meedoënlose lasterveldtog wat deur 'n wye kring gevoer is (en nog steeds gevoer word) teen die saak waarteen hy die wapens van oneer opgeneem het en teen die verteenwoordigers daarvan. Want selfs onder die beskermende en dreigende funksie van die lasterwette wat in ons land geldig is, kan dié wat slim genoeg is om hulle nie met die „slap riem" van die wet te laat vang nie, wesenlik nog dieselfde sê as wat prof. Pont gesê het en dieselfde doel bereik as wat hy bereik het, sonder dat hulle hulle noodwendig hoef vas te loop in die dilemma waarin hy hom vasgeloop het. Prof. Pont was — al klink dit byna na heiligskennis om dit so uit te druk — omring van 'n wolk van getuies. Hy het — met permissie gesê — sy „Ärons" en sy „Hurs" gehad wat sy hande vir hom omhoog gehou het.

So het bv. 'n bekende predikant van die Ned. *Geref. Kerk, wat ook een van die trustees is van* die fonds wat gestig is met die oog op regshulp vir prof. Pont, hom op 'n dag na afloop van die hofsitting kom bedank vir wat hy „hier vir ons doen". En afgesien van die bondgenootskapsverband waarin prof. Pont direk gestaan het, kan sy optrede nie geïsoleerd gesien word van dié van 'n hele aantal politieke koerante en kerkblaaie oor jare heen nie.

'n Mens sou verwag dat hierdie persone en instansies hulle nou sedelik gebonde moet ag om die geldelike skuld, waarvan dit ondenkbaar is dat hulle spraaksame woordvoerder hom dit sonder hulle direkte of indirekte aanmoediging op die hals sou gehaal het, tot op elke sent saam met hom en vir hom te dra. Die feit dat dit nie gebeur het nie, wil 'n mens, in weerwil van die uiterste provokasie, hulle nie van so 'n mate van eerloosheid laat verdink dat hulle dit nie wil doen nie. Die alternatief is dat hulle dit nie kàn doen nie. Nou sit prof. Pont alleen met die skade en die skande. En juis hierdie alleenheid van hom in die uur van sy geldelike nood, is simbolies, uitermate sterk geaksentueer, van die eintlike onbetaalbare skuld waarin hy staan terwyl sy wolk van getuies op die allernouste wyse met hom daarin verbonde is. Al sou hulle ook die rande en sente gehad het om prof. Pont uit sy geldelike verknorsing te red, die eintlike skuld wat hulle met hom gemeen het, moet, soos sy geldelike skuld, òf op hulle rekening bly staan òf hulle vergewe word. Nòg hulle nòg prof. Pont kan dit ooit self vereffen.

Teenoor prof Pont staan die twee skuldeisers met hulle tienduisend rand elk. Die tienduisendsyfer, ongetwyfeld nie met hierdie opset só deur die regter vasgestel en deur die appèlregters gehandhaaf nie, lei 'n mens se gedagtes reëlreg na die evangelie. Êrens in 'n gelykenis van Jesus sien ons 'n skuldenaar aan die voete van sy skuldeiser neerval en by hom pleit om lankmoedigheid te betoon ten opsigte van sy skuld van tiendusend talente — 'n syfer wat in hierdie geval opsetlik deur Jesus gekies is ter aanduiding van die onbetaalbare skuld van die sondaar teenoor God (Matt. 18:24v.). Tog geskied daar 'n volkome kwytskelding. En die lig van 'n ewige evangelie gaan in hierdie gelykenis op vir almal wat aldus opreg hulle sondes bely . . . Maar — ook dit lê in die gelykenis — wie so 'n volkome vergiffenis van God

ontvang het, moet ook die sonde wat sy naaste teen hom begaan het, kan vergewe.

Die tienduisendsyfer van die gelykenis, waarop 'n mens se gedagtes onwillekeurig gerig word deur die tweemaal tienduisend van die lastersaak, herinner aan die sondaar se onbetaalbare skuld voor God waarin ons almal op gelyke voet staan. Prof. Pont se twee skuldeisers het geen ander keuse, wat in verantwoordelikheid voor God gedoen kan word, as om hom te vergewe nie. Wàt hulle hom moet vergewe, is nie in die eerste instansie die tweemaal tienduisend rand (ten opsigte waarvan sy aanmoedigers by hom sowel as by die eisers onder 'n morele verpligting staan nie) maar die onbetaalbare skuld wat nòg hy nòg sy mede-verantwoordelikes met 'n geldbedrag kan uitwis. Per slot van sake lê dit ook nie in die eisers se mag om 'n sonde te vergewe waarvan in die grond van die saak bely moet word: „Teen U alleen . . . " nie (Ps. 51:6). Maar terwyl albei partye, met 'n onbetaalbare skuld aan beide kante, in die waarheid van die goddelike vergiffenis gestel is, behoort die geldelike skuldbedrag waaroor die eisers beheer het, die tweemaal tienduisend wat prof. Pont klaarblyklik nie het nie, kwytgeskeld te word by wyse van 'n geloo'sdemonstrasie dat skuld wat in terme van geld in elk geval onbetaalbaar is, nie onvergeeflik is nie, nie by God nie en daarom ook nie by die mense nie.

Dit is hartverblydend dat die twee belasterde skuldeisers hulle reeds in die openbaar bereid verklaar het om hulle, met hulle eis teen prof. Pont en sáám met hom, te stel onder die verootmoedigende vergiffenis waaruit hulleself en hy en ons almal lewe. En nou wag hulle op prof. Pont om hulle dáár te ontmoet, voor die aangesig van dié God wat die gebroke en verslae hart nie verag nie. Dáár alleen en in dié gesindheid alleen kan daar onder mede-sondaars iets sigbaar word van wat voor God gebeur met almal wat opreg hulle sondes bely. En dit spreek vanself dat prof. Pont nie siel-alleen, sonder hulle wat agter en rondom hom gestaan het, tot so 'n ontmoeting behoort toe te tree nie.

---

**Editorial:**

# *Unpayable Debt*

The financial debt of Dr. A. D. Pont, the Nederduits Hervormde Kerk professor in Church History at the University of Pretoria, is unpayable as far as his own means are concerned. He has been ordered by the court to pay damages of ten thousand Rands each to the two "fellow-theologians" libelled by him, apart from their legal costs which amount to thirty-eight thousand Rands.

It now proves that Prof. Pont, although he was probably conscious of what it can cost one if one slanders the good name of an honourable fellowman, and although he knew the value of every hour and minute in terms of money while he was delivering his protracted discourses in the witness box, has practically nothing with which to pay up. The financial debt which he brought upon himself will either have to be paid for him by someone else or it will have to be written off.

Prof. Pont stands relatively alone in this matter and, as far as this debt in which he has landed himself is concerned, most people can regard him from a distance and reach either a sympathetic or an indignant and astonished or a contemptuous or — and even this is actually proving to be the case! — an admiring judgment concerning the history he himself has "made" on this occasion.

But Prof. Pont's real debt in this matter cannot be calculated in terms of money. The fact that he cannot pay his debt in Rands and cents is somehow symbolical of the unpayability of the debt he owes two fellow-men for that of which he robbed them in reality. And in this respect neither he nor the two fellow theologians towards whom he stands in debt stand alone as parties. For these two fellow-thelogians were picked in his campaign of libel as representatives of a particular school of thought which is determining the course along which the Church of Christ is progressing in the world at present. We might well delineate it as the course on which the Church is headed in the realisation of its ecumenical vocation and along which it is advancing in an increasing awareness of its solidarity with the world also in its political, social and economic need. It is from this wide context of the Church of Christ as it sees itself at present standing in the world in the execution of its vocation that Prof. Pont picked out two fellow-thelogians to serve as the victims of the whiplashes of his unprecedented libel, with the obvious approval and acclamation of some.

In this action Prof. Pont truly did not stand alone in his heroic struggle against those whom he had set up as enemies for himself. Far rather, he was the **enfant terrible** of a somewhat more subtle but equally calculated and merciless campaign of libel which was waged (and is still being waged) by a wide circle of men against the cause against which, and against the representatives of which, he took up the arms of dishonour. For even in spite of the protective and threatening function of the libel laws obtaining in our country, those who are clever enough not to be caught out by the law can essentially still say exactly what Prof. Pont said and achieve the same purpose as he achieved without necessarily landing in the dilemma in which he landed. Prof. Pont was — even though it sounds almost blasphemous to put it thus — surrounded by a host of witnesses. He — very figuratively speaking — had his "Aarons" and his "Hurs" holding high his hands.

So, for example, a well-known minister of the Ned. Geref. Kerk. who is also one of the trustees of the fund established to assure Prof. Pont of legal